

Hoofstuk van die dag: Numeri 19

As iemand onrein is en hy hom nie reinig nie, moet hy van die gemeente afgesny word. Hy het die heiligdom van die Here ontwy, die reinigingswater is nie oor hom gesprinkel nie en daarom bly hy onrein. (vers 20)

Vir ons is hierdie voorskrifte oor rituele reinheid totaal vreemd en ver verwyder van ons daaglikse bestaan. Die naaste wat ons in die kerk daaraan kom, is die doop. Dit verskil wesenlik van die ritueel wat in Numeri voorgeskryf word. Tog verkondig of simboliseer die water van die doop die reiniging van ’n sondige lewe, sodat jy as gereinigde voor God kan leef. Die doopwater wys heen na Christus se bloed, waardeur ons gereinig word van al ons sonde (1 Joh 1:7-9).
Jesus het ons geleer dat reinheid niks te make het met iets wat buite die liggaam gebeur nie; dis wat binne-in jou aangaan, wat jou onrein kan maak. Die sonde wat Jesus dan uitspel, is die soort goed wat ’n gemeenskap en verhoudinge vernietig (vgl Mark 7:14-23).
Ons het gewoond geraak aan die afbrekende leefstyle wat Jesus in Mark 7:21-22 uitspel, soos onkuisheid, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, kwaadpratery, hoogmoed … Ons duld dit skouer-ophalend in ons geledere. Numeri waarsku dat dit nie onder God se mense geduld mag word nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026